HOËRSKOOL RICHARDSBAAI

-Waar ons daarna streef om dié toonaangewende skool in KZN te wees!
-Where we strive to be the leading school in KZN!

Omsendbrief 01/2021

24 Februarie 2021

Geagte Baaitjie-Ouers

2021 het afgeskop soos 2020 geëindig het! Met dié dat 'n teenmiddel gevind is, hoop ons die COVID-infeksiesyfer sal afneem en dat die lewe weer sal normaliseer.

Graag wil ons die volgende onder u aandag bring:

ALGEMEEN

1. PERSONEEL

Ons deel in die hartseer van me C Pretorius met die afsterwe van haar eggenoot en bid vir vrede en vertroosting. Ons medelye gaan terselfdertyd ook aan al die Baaitjies en Baaitjie-ouers wat geliefdes aan die dood afgestaan het in hierdie tyd.

Ons gelukwense gaan aan die volgende personeel:

- Mnr J Delport, Hoof van Dissipline
- Me B Garland, Ge-koöpteerde Adjunkhoof in beheer van Akademie
- Me C Nortier, Ge-koöpteerde Departementshoof in beheer van Wiskunde

Ons verwelkom die volgende personeel by ons Baaitjie-familie:

- Me K Swart, MATH-leerkrag
- Mnr C van Aswegen, AFRHL-leerkrag
- Mnr J Scholtz, GRDS/CVLT-leerkrag
- Me K Woest, MATH-leerkrag
- Me D van Loggerenberg, GEOG/SS-leerkrag
- Mnr S Stoltz, TRSM/ENGFA-leerkrag
- Me Z Engelbrecht, ENGHL-leerkrag
- Me C van Heerden, ADMIN Sekretaresse

2. MATRIEKUITSLAE

Ons wil ons matrikulante van 2020 gelukwens met ons 93% slaagsyfer.

Die top 10-leerders (volgens gemiddeld) is as volg:

	NAAM VAN LEERDER	UITSLAE
1	Danae Small (Dux)	7 A's
2	Kelvin Aidan	5 A's
3	Kirel Reddy	5 A's
4	Andréa Moodley	6 A's
5	Akhil Harripersadh	7 A's
6	Johannes Pool	4 A's
7	Zethu Ntuli	6 A's
8	Suné Scheepers	3 A's
9	Anzel Cornelius	3 A's
10	Nikita Strydom en Khulani Mdletshe	4 A's elk

Ons het 118 leerders gehad wat universiteitstoelating behaal het en 155 A-simbole. Ons is super trots op ons Gr 12's van 2020.

3. KANTOORURE

Die administratiewe kantoor is daagliks, Maandae tot Vrydae, vanaf 07:15 tot 14:00 oop en die finansiële kantoor vanaf 07:15 tot 12:45.

4. 1STE KWARTAAL DATUMS – 2021

Soos deur President Cyril Ramaphosa aangedui is, mag skole net tot 50 % van hul kapasiteit funksioneer. Die skool sal dus as volg bedryf word:

SKOOLURE	07:30 – 14:00
DATUM	**GRADE WAT SKOOL MOET BYWOON**
Maandag, 22 Februarie tot Vrydag, 26 Februarie	10, 11, 12
Maandag, 1 Maart tot Vrydag, 5 Maart	8, 9, 12
Maandag, 8 Maart tot Vrydag, 12 Maart	10, 11, 12
Maandag, 15 Maart tot Vrydag, 19 Maart	8, 9, 12
Maandag, 22 Maart – PUBLIEKE VAKANSIEDAG Dinsdag, 23 Maart tot Vrydag, 26 Maart	10, 11, 12
Maandag, 29 Maart tot Donderdag, 1 April (Vrydag, 2 April – Publieke Vakansiedag)	8, 9, 12
Dinsdag, 6 April – Vrydag, 9 April	10, 11, 12
Maandag, 12 April – Vrydag, 16 April	8, 9, 12
Maandag, 19 April – Vrydag, 23 April	10, 11, 12

5. MENTORS

Die mentors vir die onderskeie grade word hieronder uiteengesit. Indien u enige probleme/navrae het kan u hul gerus skakel:

GRAAD	**MENTOR (Akademie)**	**HULPMENTOR (Dissipline)**
8	Me C Slimani	Mnr J du Plessis (Seuns), Me M Herbst (Dogters)
9	Me N Opperman	Mnr J Fourie (Seuns), Me M Luus (Dogters)
10	Me E Schulze	Mnr C Edwards (Seuns), Me M Muller (Dogters)
11	Mnr H Pretorius	Mnr N Janse v Rensburg (Seuns), Me A van Zyl (Dogters)
12	Me G Botha	Me C Nortier (Seuns), Me A Jacobs (Dogters)

6. LYN VAN KOMMUNIKASIE

Ons is hier om bande te bou en deur die lyn van kommunikasie hieronder te volg, sal ons dit moontlik kan maak. Die lyn van kommunikasie wat gehandhaaf moet word, is as volg:

STAP	AKADEMIE	SPORT	KULTUUR	DISSIPLINE
1	Reël afspraak met klas-/vakonderwyser	Reël afspraak met afrigter	Reël afspraak met afrigter/leier	Reël afspraak met Registeronderwyser
INDIEN NIE GELUKKIG MET TERUGVOERING NIE				
2	Reël afspraak met Graad-mentor	Reël afspraak met Hoof van Sportsoort	Reël afspraak met Hoof van Kultuursoort	Reël afspraak met Graad Hulpmentor
INDIEN NIE GELUKKIG MET TERUGVOERING NIE				
3	Reël afspraak met Hoof van Akademie, Me Garland	Reël afspraak met Hoof van Sport, Mnr Putter	Reël afspraak met Hoof van Kultuur, Me Labuschagne	Reël afspraak met Graadmentor
INDIEN NIE GELUKKIG MET TERUGVOERING NIE				
4	Reël afspraak met Skoolhoof			
INDIEN NIE GELUKKIG MET TERUGVOERING NIE				
5	Kontak die SBL-Voorsitter			

7. SKOOLKLEREWINKEL

Die klerewinkel sal as volg bedryf word:

- **Vanaf 15 Februarie tot 28 Februarie**
  Maandae tot Vrydae 07:00 – 14:00
- **Vanaf 1 Maart vir die res van die jaar**
  Maandae tot Vrydae 07:00 – 13:45

Vir u gerief is kaartfasiliteite vir betaling beskikbaar. Indien u meer inligting sou benodig, skakel gerus me Van Schalkwyk by 072 439 78 20.

8. SBL-BETROKKENHEID

Ons herinner u graag aan die Algemene SBL-Verkiesing vir die ouer-komponent wat op Dinsdag, 9 Maart 2021 om 18:30 in die skoolsaal sal plaasvind. Indien u 'n **vaardigheid het** wat ons skool kan help groei of as u net betrokke wil raak by die Beheerliggaam, stel ons die volgende komitees bekend:

- ☞ Bemarking
- ☞ Sport & Kultuur
- ☞ Fondsinsameling
- ☞ Instandhouding
- ☞ Veiligheid & Sekuriteit

Nominasievorms is by Ontvangs beskikbaar en moet voor of op Vrydag, 5 Maart 2021 by die skool ingehandig word.

WEES JY DIE VERANDERING WAT JY GRAAG IN DIE SKOOL WIL SIEN!

9. FINANSIES

Baie dankie aan al die ouers wat in 2020 hulle skoolfondsverpligtinge teenoor die skool nagekom het. Ons wil ook die ouers wat nie skoolfonds betaal het nie en ook nie 'n poging aangewend het om die finansiële administrateur van die skool te kontak of reëlings te tref nie, daaraan herinner dat u volgens **Artikel 39 van die Suid-Afrikaanse Skolewet** wetlik verplig is om u kind se skoolfonds te betaal.

Hoërskool Richardsbaai het net soos ander instansies uitgawes en verpligtinge om na te kom om die status quo te kan handhaaf.

Indien u finansieel nie oor die vermoë beskik om skoolfonds te betaal nie, kan u aansoek doen om vrystelling. Die aansoekvorms moet **persoonlik** deur u by me E van Schalkwyk, Finansiële Administrateur, afgehaal word aangesien u vir die **ontvangs daarvan** in 'n **register** moet **teken**. Die aansoek, tesame met die nodige dokumentasie, moet ook **persoonlik** deur u **ingehandig** word. Die Finansiële Komitee sal 'n persoonlike onderhoud met u voer.

Daar sal geen skoolfondsverhoging vir 2021 wees nie. **Skoolfonds vir 2021** bly dus onveranderd, naamlik **R22 720,00** en is as volg betaalbaar:

- Voor of op 25 Januarie 2021 R3 000,00
- Februarie tot Oktober (voor of op die 7de van elke maand) R2 000,00
- November (voor of op die 7de van die maand) R1 720,00

Die skool doen 'n ernstige beroep op u om u verpligtinge na te kom aangesien die skool sonder u ondersteuning nie na wense kan funksioneer nie. Indien u nie die ooreenkoms nakom nie, sal u deur die skoolhoof gekontak word vir 'n afspraak.

Indien u die skoolfonds ten volle betaal soos op die datums hieronder uiteengesit, kwalifiseer u as volg vir afslag:

Voor of op einde Februarie 2021	4%
Voor of op einde Maart 2021	3%

Om sake te vergemaklik asook vir veiligheidsredes kan skoolfondsbetalings per debietorder, krediet- of debietkaart, internet, elektroniese autobank of kontant gemaak word.

Bankbesonderhede is as volg:

- **BANK**: FNB
- **REK NAAM**: Hoërskool Richardsbaai
- **REK NR**: 62762567132 Tjek
- **TAKKODE**: 250655

Ouers wat elektroniese betalings maak, word vriendelik versoek om die leerder se toelatingsnommer op die betaling as verwysing te gebruik.

AKADEMIE

As skool doen ons 'n beroep op ons leerders om skool gereeld by te woon en hard te werk. Ons versoek die ouers om die skool te ondersteun en om met die onderwysers saam te werk. Sodoende sal ons 'n bevorderlike leerklimaat kan skep.

1. EKSAMENHULPBOEKE – WISKUNDE (GR 8 – 12)

Eksamenhulpboeke, wat uitgewerkte antwoorde insluit, vir Wiskunde en Wiskundige Geletterdheid, is beskikbaar by die finansiële kantoor teen R70,00 elk.

2. AFWESIGHEDE

Graad 12

Die Departement van Onderwys het skole se hand sterk gemaak aangaande afwesighede en assesserings.

Eksterne Reëling:

Indien 'n Gr 12-leerder nie al hul assesserings voltooi en ingehandig het voor die proefeksamen aanbreek nie, MAG die leerder NIE die proefeksamen of eindeksamen in die spesifieke vak aflê nie.

3. ASSESSERINGSNAVRAE

Indien ouers enige navrae het aangaande leerders se portefeuljes, mag die ouers 'n afspraak met die Graad Mentor/Vakhoof maak om die assessering by die skool te sien. Geen assesserings mag huistoe gaan nie.

Graad 8 – 11

Graad Mentors sal ouers op hoogte hou van leerders se afwesighede. Indien assesserings gemis word of nie voltooi is teen DRIE weke voor die eindjaareksamen nie, sal die leerder NUL kry vir die assesserings. Dit kan daartoe lei dat die leerder die akademiese jaar druip.
Na afloop van elke kwartaal sal ouers deur hulpmentors gekontak word rakende leerders wat die kwartaal/vak nie geslaag het nie.
Sodra 'n assessering voltooi is, sal leerders die punt op 'n assesseringsvorm in hulle boeke aanbring.

Graad 10 & 11

Leerders wat NIE hul PAT's voltooi het teen 30 November 2021 nie, SAL NIE bevorder word na die volgende graad toe nie aangesien die bevorderingsvereistes nie nagekom is nie.

SPORT & KULTUUR

Sekere maatreëls aangaande sport en kultuur is verslap. Die veiligheid van die leerders en leerkragte by die skool is die verantwoordelikheid van die skoolhoof, wat moet verseker dat die skool aan alle COVID-regulasies voldoen.

Vir die duur van vlak 3, sal ons dus nie aan sport- en kulturele aktiwiteite deelneem nie. Hierdie besluit sal heroorweeg word deur die skool se Bestuur en die Beheerliggaam wanneer ons na vlak 1 toe beweeg.

1. PHED-KLERE

Skoolklere is nie goedkoop nie. Daar word dus van die leerders verwag om PHED in die skool se sportklere te doen. Ouers kan bestellings by die skool se klerewinkel plaas.

2. ALGEMEEN

Enige sportverwante navrae of griewe kan direk aan ons Sportorganiseerder, me G Zietsman, per e-pos (sport@hsrb.org.za) gerig word.

My leuse vir 2021:

Geen oorwinning kan behaal word sonder 'n stryd nie.
Hoe groter die stryd, hoe groter is die oorwinning!

Baaitjie-groete

H J P MULLER

SKOOLHOOF